
# My Kreatiewe Bybel Joernaal



**Handelinge 1-10**

*My kreatiewe*

# BYBEL JOERNAAL

Heuningsoet Woord

'n Self-doen Bybelstudie vir kinders 9 tot 13 jaar.
Geskryf deur Carien Stander.

carien@hencar.co.za

Gedurende hierdie Bybelstudie Joernaal gaan jy aan verskillende kosbare Bybelstudietegnieke blootgestel word wat tot gevolg gaan hê dat jy die Woord van God beter gaan leer ken.
Tesame hiermee, sal jou geloof in God groei soos jou kennis van Hom toeneem.

Deur daagliks puntsgewys deur die temas te beweeg, gaan jy oor verloop van tyd:

- jou Bybelboeke beter leer ken
- Bybelkarakters leer ken as werklike persone
- ontdek wat sommige moeilike woorde in die Bybel beteken en leer om hulle te ontrafel
- leer om vanuit die Woord te bid
- meermale jou verbeelding aktiveer en inleef in Bybelse tekste
- verskillende Bybelstudiemetodes gebruik om dieper in die Woord te delf en lewend te maak vir jouself
- leer om die kern/ hart/ tema van 'n teks te identifiseer
- met groter aandag en intensie Bybelverse bestudeer
- leer hoe om die waarhede van die Woord deel van jou eie lewe te maak (toepassing)
- leer om kern verse (waarhede) op 'n kreatiewe manier uit te beeld om die memorisering van die Woord in jou hart en gedagtes vas te lê
- besef dat Heilige Gees jou geliefkoosde en broodnodige Onderwyser is wanneer jy die Bybel bestudeer en ....
- 'n lewenslange fondasie vorm waarop jy die Bybel prakties deel maak van jou lewe om 'n groot liefde vir God se Woord te ontwikkel.

Mag hierdie studie tot seën wees vir jou!

# Wat is in hierdie Bybelstudie?

**Dag 1 :** 'n Belofte en die Hemelvaart

**Dag 2 :** Judas se opvolger

**Dag 3 :** Heilige Gees word uitgestort

**Dag 4 :** Petrus se toespraak

**Dag 5 :** Die eerste gemeente

**Dag 6 :** Die verlamde man is genees

**Dag 7 :** Petrus se toespraak

**Dag 8 :** Petrus en Johannes

**Dag 9 :** Die gelowiges se leefwyse

**Dag 10 :** Wonders en tekens

**Dag 11 :** Vervolging

**Dag 12 :** Diakens en Stefanus

**Dag 13 :** Stefanus se toespraak

**Dag 14 :** Stefanus en vervolging

**Dag 15 :** Die evangelie in Samaria


**Dag 16 :** Filippus en die Etiopieër

**Dag 17 :** Saulus ontmoet vir Jesus

**Dag 18 :** Saulus se geestelike groei

**Dag 19 :** Eneas en Tabita

**Dag 20 :** Petrus en Kornelius



# *Dag 1:* 'n Belofte en die Hemelvaart

Die boek van Handelinge is geskryf deur Lukas, een van Jesus se dissipels. In hierdie Bybelboek vertel Lukas hoe Jesus se volgelinge die Heilige Gees ontvang het. Met die hulp van Heilige Gees, het die dissipels God se Woord reg oor die wêreld verkondig. Lees nou *Johannes 14:16-17* en skryf neer wie Jesus gesê het by hulle sal wees wanneer Hy terug Hemel toe gaan ná Sy kruisiging.



Jesus:

Ek sal die ____________________ vra, en Hy sal vir julle 'n ____________________________

__________________________ (helper) stuur om vir _________________________ by julle te wees, naamlik die _________________________ van die _________________________

Johannes 14:16-17

1. Kort gebed: draai jou fokus na Heilige Gees en vra Hom om jou te lei soos jy deur *Handelinge* gaan lees.

2. Lees *Handelinge 1:1-11* hardop deur in jou eie Bybel. Lukas vertel wat gebeur het ná Jesus se opstanding uit die dood. Luister mooi na die gebeure soos jy jou in die verhaal inleef.

3. In *Johannes 20* lees ons dat Jesus se graf leeg was en dat Hy opgestaan het uit die dood. Jesus het die mag/krag van die dood gebreek! Lees weer *vers 3* en skryf neer hoe hierdie vers vir jou bevestig dat Jesus uit die dood opgestaan het. Wat het Jesus gedoen en wie kan daarvan getuig?

Jesus het ná sy dood ____________________________________________

Jesus het met die apostels ________________________________________

4. Jesus het vir sy volgelinge gesê om te wag totdat dít wat Hy vir hulle belowe het ('n spesifieke gawe/present vir hulle), gaan gebeur/kom. *(vers 4-5)*

Is dit vir jou maklik of moeilik om te wag vir iets? _______________________________

Wat was die gawe/belofte waarvoor die apostels moes wag?____________________



5. Jesus het geweet Sy volgelinge het die Heilige Gees se hulp nodig om die **Woord van God te verkondig** die wye wêreld oor. Jesus het wel vir hulle gesê dat **twee dinge** sal gebeur wanneer Heilige Gees "*oor hulle kom*". Hierdie twee eiensk ervaar elke kind van God nogsteeds vandag wanneer hulle gevul word me Gees.



**Wanneer Heilige Gees oor my kom sal ek:** *(vers 8)*

| | 
|---|
| **1.** |
| **2.** |

6. Teken *verse 9-11* met byskrifte so asof jy dit self gesien het en hierdie nou 'n foto kan wees van dit wat gebeur het tydens Jesus se Hemelvaart.



7. Wat dink jy wil God vir jou leer deur hierdie verse vandag?

_______________________________________________________________________

8. Is daar iets wat jy vandag vir die eerste keer besef of raakgelees het? Skryf dit op die lyn en vertel dit vir iemand wat jou pad kruis. So is jy ook **'n getuie van die Goeie nuus van Jesus!**

_______________________________________________________________________

9. Sluit af deur 'n kort gebed vir God te skryf. Vra Hom daarin om jou te vul met Sy Gees, sodat jy 'n kragtige getuie vir Hom sal wees waar jy gaan.

_______________________________________________________________________
_______________________________________________________________________
_______________________________________________________________________



# *Dag 2:* Judas se opvolger

Ons aanbid 'n drie-enige God: God die Vader is in die Hemel. Jesus sy Seun het aarde toe gekom, om vir ons te leer hoe God se hart lyk en hoe ons as Sy kinders behoort te lewe. Jesus het ook uit gehoorsaamheid aan Sy Vader vir ons sondes gesterf. Nadat Jesus gekruisig is en opgevaar het Hemel toe, het Hy vir sy volgelinge belowe dat Hy hulle nie alleen sal agter laat nie. Lees *Johannes 14:16-17* en voltooi Jesus se woorde (belofte) aan Sy volgelinge net voordat Hy terug Hemel toe opgevaar het.



Jesus:

Ek sal die ____________________ vra, en Hy sal vir julle 'n ____________________________ ___________________________ (helper) stuur om vir __________________________ by julle te wees, naamlik die __________________________ van die __________________________

Johannes 14:16-17

1. Vra vir Heilige Gees om vir jou die Woorde wat jy nou gaan lees duidelik verstaanbaar te maak. Hy is die Een wat jou alles kan leer en verduidelik.

2. Lees *Handelinge 1:12-26* aandagtig deur. Verbeel jou jy is een van die dissipels wat luister na Petrus wat gesels.

3. Skryf 'n paar woorde neer wat jou oog opval vanuit hierdie gedeelte.

4. Blaai na *Matteus 10* en lees *verse 1-4*. Skryf die name van die 12 dissipels neer wat Jesus uitgekies het (in enige volgorde).

**Die Twaalf Dissipels**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | 5. | 9. |
| 2. | 6. | 10. |
| 3. | 7. | 11. |
| 4. | 8. | 12. |



4. Lees nou weer Handelinge Lees *Handelinge 1:13* en tik langs elke dissipel se naam af wie teenwoordig was in die bovertrek. Wie was vermis? ______________________
Hoekom was hy afwesig? __________________________________________________

5. Wat was een van die belangrikste besluite wat jy al moes neem?

___________________________________________________________________________




*Partykeer gebeur dit dat mens 'n baie belangrike besluit in jou lewe moet neem. Dit kan wees na watter skool jy moet gaan of wie jy wil uitnooi na jou partytjie. Ander kere moet jy besluit watter sportsoort jy wil beoefen. Eendag sal jy moet besluit met wie jy gaan trou! Die lewe is vol belangrike besluite. Elke besluit het 'n gevolg.*

6. Jesus se dissipels het geweet dat hulle vir Heilige Gees kon vra om hulle te help in 'n belangrike besluit. Hoe weet jy dat hulle Hom betrek en vir leiding gevra het in hulle onsekerheid? (*Handelinge 1:24*)

___________________________________________________________________________

7. Wat leer jy uit die voorbeeld van die dissipels toe hulle onseker was voor hulle 'n besluit moes neem?



___________________________________________________________________________

8. Wat se waarheid oor God leer jy in *vers 24*?

___________________________________________________________________________

9. Hoe laat dit jou voel om te weet dat *God jou hart ken*? ________________________

10. Wat dink jy is in jou hart, waarvan niemand weet nie, net jy en God weet hiervan?

___________________________________________________________________________

11. Voltooi die volgende sinne:

Ek wonder ______________________________________________________

Ek verstaan nie ___________________________________________________

Ek het vir die eerste keer besef dat ____________________________________

___________________________________________________________________________

Ek glo God wil vir my leer ________________________________________



# *Dag 3:* Heilige Gees word uitgestort

Ken jy al die belofte uit jou kop wat Jesus aan Sy dissipels gemaak het, net voor Hy terug Hemel toe gegaan het? Kyk of jy onderstaande verse kan voltooi.
Lees *Johannes 14:16-17* as jy vasbrand.



Jesus:

Ek sal die Vader __________, en Hy sal vir julle 'n ____________ Voorspraak (helper) ______________ om vir ewig _________________________________, naamlik die Gees van die _________________________ .

Johannes 14:16-17

1. Vra vir Heilige Gees in 'n kort gebed, om jou by te staan soos jy verder deur *Handelinge* lees. Die Bybel leer ons dat verskillende mense die Bybel geskryf het, maar elkeen van daardie mense is deur Heilige Gees gehelp (gelei) om dit te doen. Daarom ken Heilige Gees die Bybel baie goed! Hy is die beste Onderwyser om jou te help en die verse vir jou duidelik verstaanbaar en toepaslik in jou lewe te maak.

2. Lees *Handelinge 2:1-13* met 'n oop hart.



3. Vanuit die verse, skryf 'n paar woorde neer wat met jou hart praat.

4. Skryf 'n sin of twee neer wat vir jou uitstaan.

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

5. Vanuit *vers 3-4* het daar drie dinge gebeur met die dissipels. Noem dit.

| |
|---|
| 1. |
| 2. |
| 3. |



6. Teken 'n prentjie van dit wat gebeur het in *verse1 tot 4*. Jy kan pyltjies met byskrifte gebruik om aan te dui wat voorgestel word deur watse vers. Gee 'n opskrif vir jou prent.



_________________________________________

7. Hoeveel tale kan jy praat? ___________________________



8. Tydens Pinkster het God die Vader, Sy Heilige Gees uitgestort oor Sy kinders. Een van die bewyse hiervan was dat hulle in ander tale begin praat het. In *vers 7* hoor ons dat die buitestanders verras en verbaas was daaroor dat hulle ewe skielik, die dissipels hoor praat het in hulle eie land se tale. Wat het die dissipels in "ander tale" gesê (waaroor het hulle gepraat), wat die buitestanders verbaas het?

_________________________________________________________________(*vers 11*)

9. Lees nou weer eergister se vers vanuit *Handelinge 1:8*. Wat in hierdie vers **het waar geword** op die dag van Pinkster toe die dissipels Heilige Gees ontvang het?

________________________________________________________________________

10. Is jy al ooit gespot deur maats? ____________ Hoe het dit jou laat voel ?

________________________________________________________________________

Wanneer mense die spot met jou dryf, verstaan hulle gewoonlik nie alles wat in jou lewe gebeur nie. Hulle kan net sien wat uiterlik sigbaar is, maar diep binne, weet hulle nie regtig wat in jou hart aangaan nie. God ken die diepte en waarheid van jou hart. Wees jy die maat wat opreg vir ander maats omgee en ander respekteer.



# *Dag 4:* Petrus se toespraak

In die blokkie, skryf die belofte neer wat Jesus aan Sy dissipels gemaak het net voor Hy terug Hemel toe gegaan het. Lees *Johannes 14:16-17* as jy vasbrand.



*Johannes 14:16-17*

1. Draai na Heilige Gees in 'n kort gebed en vra Hom om jou te lei soos jy verder in die Woord lees.

2. Lees *Handelinge 2:14-36* hardop deur vir iemand in die huis. Stop hier en daar om te dink oor hoe Petrus vir die mense verduidelik, wat presies op Pinkster gebeur het.

3. Skryf 'n paar woorde neer wat vir jou uitstaan.

4. Gebruik die volgende woorde in jou eie sinne om die betekenis daarvan duidelik te maak.

| Woord | Jou eie sin om die woord te verduidelik. |
|---|---|
| uitstort (*vers 17*) | |
| verlos (*vers 24*) | |

5. Skryf **die waarheid oor Jesus** wat jy in *vers 24b* lees, neer op die lyn.





6. Skryf **die waarheid oor Jesus** wat jy in *vers 32* lees neer op die lyn.

7. Skryf **die waarheid oor Jesus en Sy belofte** wat jy in *vers 33* lees neer op die lyn.

8. Skryf een woord neer wat jy uit vandag se verse sien herhaal word.



9. Verklaar dít wat Petrus aan die mense verduidelik het, wat hulle vas en verseker moet weet, in die blok hier onder.



*Handelinge 2:36 b*

10 . Wat dink jy wil God vir jou leer deur vandag se Bybelgedeelte?

___________________________________________________________________

11. Was daar enige iets nuuts in vandag se verse wat vir jou uitgestaan het?

___________________________________________________________________

12. Is daar iets wat jy nie mooi verstaan nie? Skryf 'n vraag neer wat jy wil vra.

___________________________________________________________________

13. Wat dink jy is **die hoofdoel** hoekom God hierdie toespraak van Petrus in die Bybel gesit het?

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________

# *Dag 5:* Die eerste gemeente

Skryf die belofte wat Jesus aan Sy dissipels gemaak, voor Sy Hemelvaart, in die blokkie.



Johannes 14:16-17

1. Draai na Heilige Gees in gebed en sê vir Hom dat jy jou hart vir Hom oopmaak sodat Hy Sy lig van Waarheid in jou hart kan skyn terwyl jy nou uit die Bybel gaan lees. Vra Hom om jou te lei en te leer soos jy lees.

2. Lees *Handelinge 2:37-47* rustig deur. Lees stadig en konsentreer op die verse. Bou vir jou self 'n prentjie van die gebeure soos jy daarvan lees.

3. Skryf 'n vers of twee neer wat met jou hart praat.

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

4. Nadat Petrus die mense toegespreek het oor wat presies op Pinksterdag gebeur het, het sy woorde hulle diep aangeraak (*vers 37*). Petrus help hulle en sê dat hulle **drie dinge moet doen om deur God gered te word**. Noem hierdie 3 dinge (*vers38*).

| |
|---|
| 1. |
| 2. |
| 3. …hulle sal dit ontvang. |



Wanneer jy deel is van 'n groep mense en hulle sê dat daar net 'n paar uitverkies is om spesiale presente te kry, sal jy graag een van daardie persone wil wees? Natuurlik! Lees weer **vers 39** en sien hoe goed God is. God wil hê dat elke mens op aarde wat Hy roep, die Heilige Gees sal ontvang as present.

5. Vertel in jou eie woorde hoe die leefstyl van die eerste bekeerde mense gelyk het. Hulle was die eerste kerk/gemeente wat bestaan het! 😌 Hoe verskil dit van die kerk / die gemeente waaraan jy behoort? (*vers 44-47*)

| Eerste gemeente leefstyl kenmerke | My kerk/gemeente se leefstyl kenmerke |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

6. Teken 'n prentjie van hoe jy dink die byeenkomste van die eerste gemeente gelyk het.

7. Wat dink jy wil God vir jou deur hierdie Bybelgedeelte sê oor jou lewe?
______________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________



# *Dag 6:* Die verlamde man is genees

Terwyl Jesus nog by Sy dissipels was, het Hy vir hulle mooi vertel dat Hy hulle nie alleen sal agterlaat wanneer Hy terug Hemel toe gaan nie. Blaai na *Johannes 14:26* en skryf neer wat Jesus vir Sy volgelinge geleer het oor Heilige Gees, wat ná Sy Hemelvaart uitgestort sou word.



Jesus:

...en wanneer die Vader in My Naam die ___________________________________, die ____________________ ____________________ stuur, sal Hy julle ______________________ en julle ______________________ aan alles wat Ek vir julle ______________________ het.

Johannes 14:26

1. Nooi vir Heilige Gees in 'n kort gebed uit om by jou te wees terwyl jy verder uit jou Bybel lees.

2. Lees *Handelinge 3:1-10* aandagtig deur. Luister mooi na elke vers. Leef jou lekker in die verhaal in soos jy daardeur lees.

3. Skryf woorde uit *vers 7 en 8* neer wat beskryf dat die man dadelik en beslis genees was (hoe kon ander mense sy genesing sien?).

4. Kies 'n sin/ vers wat vir jou uitstaan en skryf dit op die lyn neer.

______________________________________________________________________________

5. Hoekom dink jy bedel mense vir kos of geld?

______________________________________________________________________________

6. Hoekom dink jy het Petrus en Johannes nie vir die verlamde man geld gegee nie? ________________________________________ Wat het hulle vir die man eerder gegee / aangebied? ____________________________________________________________



Die rede dat die verlamde man genees is, was as gevolg van die feit dat hy geloof in sy hart gehad het. Elke keuse wat jy maak het 'n gevolg. Hierdie man **het gekies om** die opdrag van Petrus **te glo**. Dit het tot gevolg gehad dat hy in 'n oomblik gesond geword het!

7. Teken nou 'n voor en na prentjie van die verlamde man wat genees is.



| Verse1-6 | verse 7-10 |
| --- | --- |
| | |



8. Somtyds maak 'n wonderwerk nie regtig vir mense sin nie. Dit is hoekom dit 'n wonderwerk genoem word: "mense wonder-hoe-dit-werk"?! Tog weet ons dat niks vir God onmoontlik is nie en dat God deur Petrus hierdie man gesond gemaak het deur net woorde te gebruik. Wie dink jy het vir Petrus die krag gegee om hierdie verlamde man gesond te maak? (Lees weer *Handelinge 1:8* as jy onseker is).

______________________________________________________________________

9. Sou jy sê dat jy al met Heilige Gees gedoop is soos Petrus en Johannes? _____________________ Indien nie, sal jy dit graag begeer? _________________ Verduidelik jou antwoord. _______________________________________________

10. Blaai na *Lukas 11:13*. Watse belofte gee Jesus vir jou in die laaste sin van hierdie vers?

______________________________________________________________________



11. Gebed: Vra nou vir God dat Hy Sy Gees ook in jou hart sal uitstort.

# *Dag 7:* Petrus se toespraak

Gister het ons gesien hoe Heilige Gees deur Petrus 'n verlamde man genees het. In *Johannes 14:26* leer ons dat Heilige Gees soos 'n onderwyser vir ons is – Hy leer jou wat jy moet weet. Dink net hoe kosbaar is God se geskenk van die Heilige Gees aan jou.... Jy kan net na Hom toe draai in gebed en dan gee Heilige Gees vir jou die antwoord op jou vrae! Het jy dit al probeer? Voltooi die vers in die blokkie hier onder.



Jesus: ...en wanneer die Vader ___________________________ die ___________________________, die ____________________ ____________________ stuur, sal Hy julle alles _________________ en julle _______________________ aan alles wat Ek vir julle ______________________ het. - Johannes 14:26

1. Vra nou vir Heilige Gees om jou die diepere geheime in die volgende verse te leer, soos jy verder deur *Handelinge* lees.

2. Lees vandag *Handelinge 3:11-26*. Plaas jou in Petrus se skoene en maak asof jy die een is wat die toespraak lewer. Die mense was vreeslik verbaas was oor wat met die verlamde man gebeur het! Petrus het met oortuiging en sekerheid die mense toegespreek, omdat hy geweet en vas geglo het dat Jesus self deur hom hierdie wonderwerk gedoen het. Hy moes dit nou net vir die mense vertel, sodat hulle kon verstaan **hoe** die wonderwerk gebeur het.

3. Skryf 'n paar woorde vanuit die teks neer wat met jou hart gesels. Skryf sinoniem (woorde met dieselfde betekenis) bo of onder die woorde wat jy uitgekies het, om die betekenis daarvan duideliker vir jou te maak.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

4. Noem mooi karakter **eienskappe van Jesus**, wat Petrus van Hom noem in *vers 14*.

Jesus is ____________________ en ____________________



5. Skryf die **woord** wat twee keer herhaal word in *vers 16* neer. Hierdie woord beskryf **hoekom die man gesond geword** het.

6. Waarvan probeer Petrus die mense oortuig? (Wat is die **kern van Petrus se toespraak** aan die mense wat deurmekaar is oor die wonderwerk?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

7. Petrus gee vir die verwarde mense die antwoord oor die wonderwerk, naamlik wie dit gedoen het en hoe dit gebeur het. Hy vertel hulle ook **hoe hulle gered kan word**. Verduidelik in jou eie woorde wat Petrus vir hulle vertel hulle moet doen ( *vers 19*), sodat ook hulle sondes uitgewis en vergewe kan word deur God.

*Handelinge 3:19*



8. Vergelyk *vers 19* in jou vertaling met die in die onderstaande Engelse vertalings. Kleur die woorde in wat vir jou beskrywend is of onderstreep dit.



| | |
|---|---|
| So repent [change your inner self—your old way of thinking, regret past sins] and return [to God—seek His purpose for your life], so that your sins may be wiped away [blotted out, completely erased] - Acts 3:19 Amp | So you must change your hearts and lives! Come back to God, and he will forgive your sins. - Acts 3:19 ICB |

9. Voltooi die sinne:

Ek wonder ____________________________________________________

Ek verstaan nie _______________________________________________

Ek glo God wil vir my deur hierdie Bybelgedeelte sê/leer ___________________

______________________________________________________________________



# *Dag 8:* **Petrus en Johannes**

Somtyds gebeur dit dat jy iets vergeet – dit is normaal. Dalk het jy onlangs iets êrens neergesit en toe jy weer moes onthou waar dit is, kon jy dit glad nie kry nie! Dalk het iemand jou iets vertel en jy kan nie regtig al die inligting mooi onthou nie. Wanneer jy Heilige Gees in jou hart het, kan Hy jou help om dinge te onthou. Hy kan jou selfs onthou wat jy in die Bybel gelees het. Voltooi *Johannes 14:26.* In hierdie vers leer jy ook hoe die Heilge Gees jou kan help as jy vergeetagtig is.



Jesus: ...en wanneer die Vader in My Naam die ____________________________, die ______________________ ______________________ stuur, sal Hy julle alles leer en julle ______________________ aan alles wat Ek vir julle ______________________ het.

Johannes 14:26

1. Draai na Heilige Gees in jou hart en vra in 'n kort gebed vir Hom om jou te lei soos jy deur *Handelinge 4* gaan lees.

2. Lees *Handelinge 4:1-22* . Petrus kom weer op vir 'die Naam van Jesus' en getuig met vaste oortuiging van sy geloof en die krag wat hy dra, omdat Heilige Gees IN hom bly. Verbeel jou weer jy is Petrus was, as 'n sterk leier, die Joodse godsdienstige mense toespreek.

3. Verduidelik die betekenis van die volgende woorde uit die teks.

| Woord | vers | sinoniem/verduideliking van die woord |
|---|---|---|
| onthuts | *Vers 2* | |
| verhoor | *Vers 9* | |
| weldaad | *Vers 9* | |
| vrymoedigheid | *Vers 13* | |

4. Skryf 'n sin/vers neer wat vir jou uitstaan.

________________________________________________________________





5. In *vers 8 en 13* lê daar 'n paar geheime, kom ons kyk of jy dit kan raaksien :

Lees weer hierdie twee verse:

- Verduidelik **hoe** Petrus en Johannes **dit reg gekry het** om met soveel oortuiging/vrymoedigheid (*engels: "boldness"*) oor die wonderwerk te praat en oor Jesus te kon getuig.

____________________________________________________________________
____________________________________________________________________

- Wat was die werklikheid van Petrus en Johannes se beroepe – wie hulle was voordat hulle dissipels van Jesus geword het? (*Matt 4:18*)

______________________________________________________________________

| |
|---|
| Omdat die Joodse leiers vir Petrus en Johannes geken het, kon hulle nie verstaan waar hulle dapperheid vandaan kom, om met soveel oortuiging hulle saak te stel voor die belangrike geleerde mense van die kerk nie. Vir die kerkleiers was Petrus en Johannes net gewone, ongeleerde en eenvoudige (*vers13*) mense. Hier kan jy die werking van Heilige Gees binne-in Petrus en Johannes raaksien. **Wanneer jy gevul is met Heilige Gees, gee Hy jou krag en vrymoedigheid om op te staan vir Jesus en dit wat Hy deur jou wil doen.** |

5. Lees weer *vers 16-17* . Hoekom dink jy wou die Joodse Raad die dissipels van Jesus stop om verder wonderwerkte te doen in Sy Naam?

______________________________________________________________________

6. Verduidelik in jou eie woorde wat jy dink God vir jou deur vandag se teksverse wil leer.



7. Voltooi die sinne:

Ek verstaan nie ____________________________________________________________

Ek wens ek ________________________________________________________________

Ek sien/verstaan nou eers dat ____________________________________________

8. Sluit af deur vir God in een sin iets te vra wat op jou hart is.

..........................................................................................................................................

# *Dag 9:* Die gelowiges se leefwyse

Voltooi *Johannes 14:26* in die blokkie hieronder.



Jesus: ...en wanneer die ______________ in My Naam die Voorspraak, die ___________________ ___________________ stuur, sal ________ julle _________ leer en julle ______________________ aan alles wat Ek vir julle ______________________ het.

Johannes 14:26

1. Vra vir Heilige Gees om jou by te staan soos jy die laaste gedeelte van *Handelinge 4* deurlees.

2. Lees *Handelinge 4:23-37* en luister fyn na **die woorde van die medegelowiges se gebed**. Let ook mooi op **hoe die nuwe gelowiges almal saamgeleef** het.

3. Skryf 'n paar woorde vanuit die teksgedeelte neer wat met jou hart praat.



4. Stel jou voor dat iemand jou **belet (verbied) om ooit weer oor Jesus te gesels**. Dit is wat die Joodse leiers met die apostels (voorheen dissipels) gemaak het. Van Jesus se laaste woorde aan Sy dissipels was dan om te '**gaan** na al die nasies toe en Sy Woord en verlossing te verkondig' (*Matt 28:19-20*). Petrus en Johannes kon besluit of hulle aan mense of aan God gehoorsaam wil wees…. Wat sou jou keuse wees? Maak jou stem merkie in die blokkie wat jy kies en lees dan die vers.



| | | | |
|---|---|---|---|
| Ek sal eerder gehoorsaam wees aan die mense se opdragte. | | Ek sal gehoorsaam wees aan dit wat God vir my sê om te doen. *–Hand 5:29* | |

5. Wat het die gelowiges gedoen toe hulle bekommerd was oor die voorstel van die Joodse leiers? Hulle het almal saam … (kleur die regte sirkel in). (*vers 23-24*)

gedans · gebid · gelag · gesing · gespring

6. Dink jy dat God die gebed van die gelowiges beantwoord het? Verduidelik hoekom jy so sê (*vers 31*).






7. Noem 'n paar lewenskenmerke van die eerste gelowiges (*verse 32-37*).

| | |
|---|---|
| | |
| | |
| | |

8. Wat dink jy wil God vir jou sê uit vandag se Bybelverse?

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

9. Is daar iets waaroor jy wonder en 'n vraag wil vra? (jy hoef nie die antwoord te hê nie).

_______________________________________________________________________

10. Wat dink jy word bedoel met die volgende vers: "Nie een van hulle het gebrek gely nie." (*vers 34*)

_______________________________________________________________________

11. Wat beteken die naam Barnabas? _________________________________ (*vers 36*)


12. Weet jy wat jou naam beteken? As jy nie seker is nie, skryf jou naam in mooi letters in die een blokkie en soek dan die betekenis daarvan op op die internet.

**Die betekenis van my naam:**



# Dag 10: Wonders en tekens!

Skryf vandag *Johannes 14:26* in jou eie handskrif in die blokkie hieronder.



Johannes 14:26

1. Laat Heilige Gees toe om jou te lei soos jy verder lees in *Handelinge*. Sê dit vir Hom in 'n kort gebed voor jy uit jou Bybel lees.

2. Lees *Handelinge 5:1-16.* Leef jou lekker in die verhaal in soos jy daardeur lees.

3. Skryf 'n vers/e neer wat vir jou uitstaan.

_______________________________________________________________________

_______________________________________________________________________

4. Verduidelik kortliks in jou eie woorde, wat gebeur het met Ananias en Saffira. (*Handelinge 5:1-11*)



Het dit al met jou gebeur dat jy oor iets gejok het, maar in jou hart het jy geweet dat dit nie die volle waarheid is nie?
Dit gebeur partykeer dat jy 'n leuen vertel, net sodat ander mense goed van jou moet dink, maar in jou hart, weet jy, jy is nie opreg en eerlik in jou optrede nie. God sien alles, Hy sien ons harte en daarom moet ons eerder aan Hom gehoorsaam wees en altyd die volle waarheid praat.



5. Noem 'n paar **wonderwerke en tekens** wat vir jou uitstaan wat God deur sy apostels gedoen het (*vers 12-16*).







6. Voltooi die sinne:

Ek wonder hoekom ___________________________________________

Dit is vir my erg dat ________________________________________

Ek besef nou dat ___________________________________________

_______________________________________________________________

Ek glo God wil my deur hierdie verse leer dat ____________________

_______________________________________________________________




Elke kind van God het Heilige Gees nodig sodat God Sy krag deur ons kan openbaar. Wanneer Heilige Gees deur jou werk, is dit altyd om Jesus se Naam te verheelik … soos met die wonderwerke wat die apostels gedoen het. Heilige Gees het apostels die krag gegee om die siek mense gesond te maak en om dié wat deur bose geeste verdruk was, te bevry.

7. Glo jy dat God so deur jou ook kan en wil werk? ____________________

Lees *Lukas 11:13*. Wat leer jy uit hierdie vers ?

_______________________________________________________________

# Dag 11: Vervolging

Vanuit die Ou Testament, leer ons Wie God is. In *Numerie 23:19* staan daar dat God nie soos 'n mens is nie en dat Hy daarom nie kan jok nie. In God is net waarheid. Ons leer ook dat God Gees is en dat Sy Gees, die Heilige Gees, ook net altyd die waarheid praat. Lees *Johannes 16:13* en voltooi wat Jesus vir Sy volgelinge geleer het oor Heilige Gees voordat Hy gekruisig was.



Wanneer Hy kom, die Gees van die ________________________ , sal Hy julle in die hele ____________________ lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie. Hy sal net ______ wat Hy __________ , en Hy sal die _________________wat gaan ___________ , aan julle verkondig. - Joh 16:13

1. Vra vir Heilige Gees in 'n kort gebed om Sy lig van waarheid nou op die verse wat jy lees te skyn, sodat jy dit mooi sal verstaan en onthou.
2. Lees *Handelinge 5:17-42.* Probeer om mooi te konsentreer op elke vers wat jy lees. Stop hier en daar om te dink oor die gebeure wat die apostels deurgemaak het. Let op hoe gehoorsaam hulle aan God alleen was, in alles wat hulle gedoen het – selfs toe omstandighede baie gevaarlik was.

3. Verduidelik die volgende woord in jou eie woorde: **vervolg**



_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

4. Vertel in jou eie woorde die wonderwerk wat plaasgevind het in die tronk (*vers 19*).

5. Noem uit die verse **verskillende maniere hoe die apostels vervolg was** deur die hoëpriester en sy ondersteuners.

| | | |
|---|---|---|
| *Vers 18* | | |
| *Vers 40* | | |



6. Soek en lees *2 Timoteus 3:10-13*. Skryf *vers 12* neer op die lyn.

_______________________________________________________________

_______________________________________________________________

Vervolging kom vandag nog op verskillende maniere voor. Dit kan wees dat jy die regte ding wil doen en dan **spot** jou maats jou daaroor. Dalk kies jy om nie te jok nie, wat tot gevolg het dat ander vir jou byname gee. Somtyds kan dit gebeur dat jy verwerp of uit 'n groep gedruk word juis omdat jy kies om nie soos die meerderheid op te tree nie. Hierdie is alles voorbeelde van **vervolging, omdat jy kies om toegewyd en gehoorsaam aan God se wil te lewe**.

7. Kan jy dink aan 'n keer wat jy vervolg was omdat jy nie saam met die stroom opgetree het nie?_______________________________________________

_______________________________________________________________



8. Voltooi die sinne:

Ek kan nie glo hoe dit moet voel ____________________________________

Ek wonder ______________________________________________________

Ek wens dat ek ___________________________________________________

Ek dink God wil deur hierdie Bybelverse vir my sê dat ____________________

_______________________________________________________________

9. Alhoewel ons somtyds vir 'n klein rukkie vervolg word, verseker Jesus dat ons net moet moedhou: Hy het klaar die stryd gewen en sal ons help in tye van verdrukking net soos Hy uitkoms deur 'n engel aan die apostels gegee het in die tronk. (*Joh16:33*)



# *Dag 12:* Diakens en Stefanus

In ***Johannes 16:13*** leer ons dat Heilige Gees die Gees van die Waarheid genoem word. Ons leer ook dat Hy ons sal lei in en na alles wat die waarheid is volgens God se Woord. Omdat Heilige Gees in jou hart bly, kan jy dus net na Sy Stem luister. Hy wil jou in die Waarheid van God se Liefde lei... sal jy gehoorsaam wees aan Hom?



Wanneer Hy kom, die ______________________________ , sal Hy julle in die ___________________________ lei. Wat Hy sal ____ , sal nie van _____________ kom nie. Hy sal net sê wat Hy __________ , en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle _______________ . - Joh 16:13

1. Draai na Heilige Gees en vra Hom om jou in waarheid te lei soos jy verder deur Handelinge lees.

2. Leeswerk: ***Handelinge 6:1-15.***



3. Verduidelik in jou eie woorde, wat hierdie woorde beteken:

| | | |
|---|---|---|
| klagte | vers 1 | |
| versorging | vers 1 | |
| verwaarloos | vers 2 | |
| redeneer | vers 9 | |
| opgewasse | vers 10 | |
| omkoop | vers 11 | |
| opsweep | vers 12 | |



4. Skryf 'n vers neer wat jou aandag trek.

________________________________________________________________________________

5. Lees weer *vers 7*. Wat in hierdie vers is vir jou vreemd? Wat dink jy wil dit vir jou wys of sê? Skryf jou gedagtes en opmerking op die lyntjies.



Die woord van God het verder versprei, en die getal gelowiges in Jerusalem het geweldig toegeneem. Selfs 'n groot aantal priesters het gelowig geword. - Hand 6: 7

__________________________________________
__________________________________________
__________________________________________
__________________________________________
__________________________________________

Het dit al met jou gebeur dat jy met vaste oortuiging iets geglo het (bv. oor iemand), net dat jy na 'n ruk agterkom, jy was heeltemal verkeerd! Jy kan byvoorbeeld dink mense in 'n sekere dorp is vreeslik lui omdat jy baie mense in die parkie sien sit of lê die dag toe jy daardeur gery het. Hierdie is beslis net jou mening en nie die volle waarheid nie. Dit is gevaarlik om jou eie opsomming oor mense of hulle omstandighede te maak, omdat jy nie altyd die volle waarheid ken nie. Dink aan die **priesters** in die apostels se tyd. **Hulle het gedink hulle saak is reg met God**, maar toe hulle die kragtige getuienis van die apostels hoor, het hulle hulle bekeer en deel van die kerk (liggaam) van Jesus geword.

6. Noem **drie eienskappe** wat Stefanus gehad het wat die rede was, dat hy gekies was om die weduwees van die kerk te versorg. (*verse 3 & 5*).

| | | |
|---|---|---|
| | | |

7. Verduidelik in jou eie woorde wat gebeur het in *vers 10-13*.

8. Ek besef vir die eerste keer ________________________________

Ek wonder ________________________________________________

Ek glo God wil my vandag leer dat ____________________________





# *Dag 13:* Stefanus se toespraak

Voltooi *Johannes 16:13* in die blokkie hier onder. Heilige Gees sal jou altyd lei. Hy sal jou nooit forseer of druk om God te gehoorsaam nie, dis nie in Sy aard nie. Net soos Jesus die Herder is en Sy skape op die regte pad lei, so wil Heilige Gees jou lei om die regte keuses te maak in jou lewe. Hy sal jou altyd herinner aan die regte optrede... dan kan jy kies of jy Hom in jou optrede wil gehoorsaam of nie. Onthou dat jou keuses altyd gevolge het.

> ______________________ kom, die ___________________________, sal Hy julle in die volle Waarheid ____________. Wat ______ sal sê, sal nie van ____________ kom nie. Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan ________, aan julle ______________. - Joh 16:13



1. Laat Heilige Gees toe om jou te lei in die verse wat jy nou gaan lees. Sê dit vir Hom in 'n kort gebed.
2. Lees *Handelinge 7:1-53.* Hierdie is 'n lang gedeelte, maar volhard in jou Bybellees! 😊.

3. Voltooi die vloeidiagram van gebeure soos Stefanus se toespraak die storie van God se volmaakte plan vertel. Sy toespraak vertel die storie van Abraham tot die openbaring waar God begeer om IN sy kinders se harte te bly (deur Heilige Gees), eerder as in 'n mensgemaakte tempels of geboue.

God verskyn aan ______________ (*vers 4*).

Abraham se seun was ______________ (*vers 8*) .

Isak se seun was ______________ (*vers 8*).



Vanuit Jakob kom _______ stamvaders (*vers 8*).

______________ is verkoop en na Egipte geneem (*vers 9*).

__________ was 'n baie mooi baba wat grootgeword het in die farao se paleis (*vers 20*).

___________ was Moses se broer wat 'n kalf -afgodsbeeld vir die Israeliete gebou het (*vers 40*).

_____________ was Moses se opvolger (*vers 45*).

_____________ het die begeerte in sy hart gehad om vir God 'n tempel te bou (*vers 46*).



____________ was Dawid se seun wat die tempel gebou het (*vers 47*) .

...maar God bly nie in ____________ wat deur mense gemaak is nie (*vers 48*).

Die godsdienstige leiers ______________ ook die Heilige Gees soos hulle voorvaders en is doof vir God se Woord (*vers 51*).

4. Teken enige van die Ou Testamentiese gebeure waarvan jy in die toespraak lees. Skryf die vers wat jy teken neer. Gee jou tekening 'n opskrif.



______________________________________________

Handelinge 7: ______

5. Ek leer vandag dat ___________________________________________________

___________________________________________________________________



# *Dag 14:* Stefanus & vervolging

Heilige Gees is deel van die drie-eenheid van God. Dit is Heilige Gees wat vir Jesus gehelp het tydens Sy lewe op aarde. Die wonderwerke wat Jesus gedoen het, het Hy gedoen met die hulp en krag van Heilige Gees in Hom. Blaai na *Handelinge 16:7* en lees wie Heilige Gees ook genoem word: die ____________ van ________________.

Voltooi nou *Johannes 16:13*.



______________________________________________________________, sal Hy

____________________________. Wat Hy _____________________

______________________________________________________________________________

______________________________________. - Joh 16:13

1. Vra vir Heilige Gees om jou deur die verse te lei soos jy verder uit Handelinge lees.

2. Leeswerk: *Handelinge 7:54-8:3.*

3. Skryf 'n paar woorde neer vanuit die verse wat jy gelees het wat jou aandag trek. Probeer sinonieme bo of onder die woorde neerskryf sodat die betekenis daarvan vir jou duideliker word.



| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |


4. Skryf 'n vers of twee neer wat vir jou uitstaan.

___________________________________________________________________________

___________________________________________________________________________

5. Watse karaktereienskap(pe) van Stefanus as dissipel van Jesus, staan vir jou uit?

___________________________________________________________________________



Die Joodse leiers was bitterlik kwaad vir Stefanus. Hulle wou glad nie luister en glo in die verlossingsplan wat God, deur Jesus, bewerkstellig het nie. Hulle wou net vasklou aan hulle wette en tradisies. Daarom het hulle op hulle tande gekners van woede toe hulle Stefanus se getuienis van die Waarheid van Jesus hoor.



6. Wat maak jou baie kwaad? ____________________________________________

____________________________________________________________________

7. Verduidelik in jou eie woorde wat in *verse 55 en 56* gebeur het.



____________________________________________________________


____________________________________________________________

____________________________________________________________

8. Teken *verse 58 tot 60* en sit byskrifte by jou gebeure soos dit afgespeel het. Wys hierdie prentjie vir iemand in jou familie en vertel hoe en hoekom dit gebeur het.

9. Ek dink God wil vir my deur hierdie verse sê dat ____________________________

______________________________________________________________________



# *Dag 15:* Die evangelie in Samaria

Voltooi ***Johannes 16:13***. Kyk of jy dit dalk al uit jou kop kan neerskryf.

________________________________________________________________, _______

_____________________________________. Wat Hy ____________________

__________________________________________________________________________

_______________________________. - Joh 16:13



1. Vra vir Heilige Gees om vandag spesifiek vir jou iets uit die Woord te lig, wat jy nog glad nie voorheen raakgesien het nie.

2. Lees *Handelinge 8:4-25.* Die vervolging in Samaria het begin by die steniging van Stefanus wat getuig het oor Jesus. God se kinders het gevlug vir hul lewens en is uitmekaar gejaag en 'verstrooi' oor die land. God beskerm altyd Sy kinders, selfs in die moeilikste omstandighede. Alhoewel hulle vervolg is, het God hulle gelei en beskerm. Waar hulle gegaan het, het Heilige Gees deur hulle nogsteeds wonderwerke gedoen en God se Koningkryk laat uitbrei. Dit wat die vyand bedoel het om te vernietig (die boodskap van Jesus), het God gebruik vir die verpreiding van die goeie boodskap van die evangelie en die Naam van Jesus.

3. Skryf 'n paar wonders neer wat God deur Filippus gedoen het in Samaria (*vers4-8*).

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

4. Skryf neer wat Simon se beroep was in Samaria (*vers 9*).

Simon was 'n ______________________________

5. Wat het Simon verkeerd verstaan oor die uitstorting van die Heilige Gees?

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________



6. Voltooi die sinne in jou eie woorde:



Ek besef nou vir die eerste keer ________________________________________

________________________________________________________________

Ek glo God wil vir my hierdeur leer dat __________________________________

________________________________________________________________

Ek wonder _______________________________________________________

Ek verstaan nie hoekom ____________________________________________



Nadat ek die gebeure gelees het, wens ek ________________________________

________________________________________________________________

7. Vertel in jou eie woorde hoekom Petrus en Johannes van Jerusalem na Samaria gegaan het (*verse 14-17*).



8. Wat dink jy word bedoel met Petrus se woorde aan Simon in *vers 21*:

*"Die gesindheid van jou hart teenoor God is nie reg nie".*

________________________________________________________________

9. Wat dink jy is die **kernboodskap** van hierdie Bybelgedeelte van vandag?


------------------------------------------------------------------------------------------

------------------------------------------------------------------------------------------



# *Dag 16:* Filippus en die Etiopiër

Jesus leer sy dissipels verder hoekom die Heilige Gees vir hulle tot voordeel sal wees wanneer Hy uitgestort gaan word. Hy leer vir hulle die werk en eienskappe van die Heilige Gees. Lees vandag ***Johannes 16:14*** en voltooi verder wat Jesus vir Sy volgelinge geleer het oor Heilige Gees.



Jesus :

Hy (Heilige Gees) sal My ____________________, want wat Hy van My ___________________, sal Hy aan julle _______________________.

- Joh 16:14

1. Vra vir Heilige Gees in 'n kort gebed om Sy lig van Waarheid op die verse wat jy gaan lees te skyn, sodat jy dit mooi sal verstaan.

2. Lees ***Handelinge 8:26-40*** en leef jou mooi in die verhaal van Filippus in.

3. Skryf 'n paar woorde neer wat vir jou uitstaan en vertel hoekom dit vir jou uitstaan.



| Woord | Hoekom staan hierdie woord vir my uit? |
|---|---|
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

4. Watter woord in ***vers 30*** sê vir jou dat Filippus dadelik en ywerig gehoorsaam was aan die stem van die Heilige Gees in hom?



5. Vertel in jou eie woorde kortliks die belangrikste gebeure wat in die storie plaasgevind het.





6. Wanneer Heilige Gees in jou hart vir jou ‘n opdrag fluister, kan jy kies om Hom te gehoorsaam. Ons lees dat Filippus twee keer (eers ‘n Engel) en daarna Heilige Gees se stem gehoorsaam het. **Hy het stiptelik alles uitgevoer wat hy gehoor het.** Jy weet ook nou al dat elke optrede ‘n gevolg het. Wat was die gevolg van Filippus se gehoorsaamheid aan Heilige Gees se opdrag?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

7. Hoe gehoorsaam, sal jy sê, is jy aan die opdragte wat Heilige Gees vir jou in jou hart spreek (bv. moenie baklei nie / moenie lelike woorde gebruik nie/ vergewe jou maat / vra onverskoning as jy verkeerd was / help iemand wat dit nodig het)? Gee vir jouself ‘n punt uit tien vir jou gehoorsaamheid aan Heilige Gees. ______ / 10
😊



8. Watter waarheid oor wie God of Heilge Gees is, leer jy in hierdie verse?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________


9. Watse voorbeeld wat Filippus hier stel, kan jy ook elke dag volg?

______________________________________________________________________



# *Dag 17:* Saulus ontmoet vir Jesus

Lees *Johannes 16:14* en voltooi Jesus se woorde soos Hy Sy dissipels leer van die Heilige Gees. Een van die 'werke' van Heilige Gees is om Jesus se Naam te verheerlik. Heilige Gees sal altyd wys na Jesus en bevestig dat dit wat Jesus op aarde gedoen het volgens God se wil was.



Jesus :

Hy (Heilige Gees) sal My ____________________, want wat Hy van ________ ___________________, sal Hy_________ julle ______________________.

- Joh 16:14

1. Vra vir Heilige Gees om vir jou die waarheid van Jesus se liefde in die volgende verse uit te lig.

2. Lees *Handelinge 9:1-19a* aandagtig deur. Verbeel jou jy is een van Saulus se vriende wat gereeld oral saam met hom rondstap. Wat sien jy raak? Wat ervaar jy tewyl jy Saulus dophou? Hoe beïnvloed die gebeure jou vriend, Saulus, se hart en omstandighede op die pad na Damaskus ?

3. Skryf 'n paar woorde vanuit vandag se verse neer wat jou hart aanraak.



4. Skryf 'n vers neer wat vir jou uitstaan.

__________________________________________________________________________

__________________________________________________________________________

5. Verduidelik die idioom: *"om 'n stokkie voor iets te steek".*



6. In vandag se verhaal kan ons sê: Jesus het ‘n stokkie voor Saulus se planne gesteek ! 😊 Vertel in jou eie woorde wat Saulus se plan was en wat Jesus gedoen het om dit te verhoed.



Saulus se slegte plan was om ______________________________________________

______________________________________________________________________

Jesus steek ‘n stokkie voor sy plan deur __________________________________

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________



7. Teken *vers 3 en 4*. Gee byskrifte vir jou tekening.



8. Jesus het vir Ananias na Saulus gestuur (*vers 17*) sodat hy (Saulus)...

1. ____________________________________________________________

2. ____________________________________________________________



9. Verduidelik *vers 18* in jou eie woorde, soos jy dit verstaan.

______________________________________________________________________

10. Ek dink God wil my hieruit leer dat ____________________________________

______________________________________________________________________

# *Dag 18:* Saulus se geestelike groei

Lees *Johannes 16:14* en voltooi wat Jesus vir Sy dissipels geleer het oor Heilige Gees. Dit is Heilige Gees se werk om altyd na Jesus te wys (en Hom te verheelik) net soos Jesus altyd na Sy Vader wys (Hom verheelik) en Sy werke grootmaak.



**Jesus:**

Hy (Heilige Gees) sal My ____________________ want wat __________ van My ___________________________, sal Hy aan julle _________________________

- Johannes 16:14

1. Heilige Gees is die Een wat vir jou alles leer en verduidelik. Laat Hom toe om dit vir jou te doen soos jy verder deur jou Bybel lees.

2. Lees *Handelinge 9:19b-31* hardop deur as jy kan. Hierdie verse vertel die storie van hoe Saulus begin het om openlik te getuig van Jesus in Damaskus en Jerusalem. Die godsdienstige mense het NIKS hiervan gehou nie, want dit was hulle wat ook vir Jesus gekruisig het!

3. Verduidelik die onderstaande woorde. Gebruik 'n woordeboek as jy wil.

| | | |
|---|---|---|
| verkondig | *Vers 20* | |
| uitroei | *Vers 21* | |
| saamsweer | *Vers 23* | |
| medegelowiges | *Vers 25* | |
| ontferm | *Vers 27* | |
| geredeneer | *Vers 29* | |





4. Skryf 'n vers neer wat vir jou maklik is om te visualiseer ('n prentjie vir jou vorm).



5. Noem 'n karaktereienskap van Barnabas wat vir jou mooi is (*vers 27*).

________________________ Sou jy sê jy het ook hierdie eienskap? __________

Vanuit hierdie stuk kan jy sien dat, vandat Saulus 'n **ontmoeting met Jesus** gehad het en die **Heilige Gees** deur Ananias **ontvang het (gedoop is)**, sy pad nie regtig maklik was nie. Alhoewel **Saulus nou glad nie skaam was om oor Jesus te praat nie**, is hy weggedruk, verwerp en selfs probeer vermoor deur sekere mense. Sommige mense het glad nie gehou daarvan dat Saulus kragtig en met vaste sekerheid oor Jesus praat (getuig) nie.





6. Voltooi:

Ek wonder ______________________________________________________________

Ek sien vir die eerste keer dat __________________________________________

Ek glo God wil vir my vandag leer dat _____________________________________

________________________________________________________________________

7. Wat dink jy is die rede hoekom Saulus soveel teenkanting gekry het, net nadat Jesus sy lewe verander het? (Lees *Johannes 16:33* as dit jou kan lei).

________________________________________________________________________

8. Skryf 'n kort gebed vir Jesus oor dit wat jou hart aangeraak het in vandag se Bybelgedeelte.



# *Dag 19:* Eneas en Tabita

Voltooi *Johannes 16:14* in die blokkie hieronder. Dink jy jy kan die vers al uit jou kop opsê? Kan jy dit verduidelik aan iemand of in jou eie woorde sê wat dit beteken?



Jesus :

_________ (Heilige Gees) sal ________ verheerlik , want wat Hy van ontvang,

sal _______________ julle ______________________. - Joh 16:14

1. Vra vir Heilige Gees om soos wat jy verder lees, Jesus in jou, te verheelik sodat jy Sy beeld en werk in jou lewe sal raaksien.

2. Lees verder aan *Handelinge 9:32-43.* Leef jou lekker in, in die verhaal en gebeure van Petrus in.

3. Skryf twee sinne/verse neer wat jou aandag vang:



____________________________________________________________________________

____________________________________________________________________________

4. Gee 'n opsomming in jou eie woorde van watter twee wonderwerke God deur Petrus gedoen het vir Eneas en Tabita.

| Eneas | Tabita |
|---|---|
| | |



5. **Wat was elke keer die gevolg** van die wonderwerke wat God deur Petrus gedoen het? (*vers 35 & 42*)



_____________________________________________________________________________

6. Watter een van hierdie twee wonderwerke wens jy, kon jy aanskou?

________________ Teken hierdie wonderwerk. Teken ook jouself daarby soos wat jy daar sit of staan en alles waarneem. Gee jou tekening byskrifte.



7. Vergelyk hierdie twee wonderwerke wat God deur Petrus gedoen het.

* Wat het Petrus gedoen/gesê toe God se genesende krag deur hom gevloei het:



| | |
|---|---|
| Eneas (*vers 34*) | |
| Tabita (*vers 40*) | |

8. Wat dink jy is God se doel, dat Hy hierdie twee wonderwerke in die Bybel gesit het?

_____________________________________________________________________________


9. Glo jy dat God deur jou ook sulke wonderwerke kan doen? Verduidelik hoekom of hoekom nie…

_____________________________________________________________________________
_____________________________________________________________________________



Dag 20: **Petrus en Kornelius**

Skryf dit wat Jesus vir Sy dissipels oor Heilige Gees geleer het uit Johannes 16:14 op die lyntjies neer.



Jesus:

Hy (Heilige Gees) sal My ____________________________________________

______________________________________________________________

__________________________________________________ Johannes 16:14

1. Laat Heilige Gees toe om vir jou die Woorde wat jy nou gaan lees duidelik verstaanbaar te maak en Jesus daardeur te verheerlik.

2. Lees *Handelinge 10:1-33* aandagtig deur. Jy gaan verder lees van Petrus en hoe wonderlik God Sy kinders met mekaar verbind.

3. Teken vir Petrus soos *vers 9-13* die gebeure beskryf.





4. Wat dink jy wou God vir Petrus sê deur bogenoemde visioen? (*verse 28*).

______________________________________________________________

______________________________________________________________



In die wêreld kan dit gebeur dat mense somtyds seker persone bevoordeel en ander benadeel, deurdat hulle fokus op die uiterlike eienskappe van sulke persone. Mense kan besluit of iemand deel mag wees van 'n besluit/speletjie/geleentheid, na aanleiding van hul ras/kultuur/kleredrag/gewoontes. **God** aan die anderkant, **kyk** nie na die uiterlike van mense nie, maar eerder **na die mens se hart. God is regverdig in alles wat Hy doen.** In Sy goedheid, sluit God niemand uit om deel te kan hê aan Sy Liefde nie.

5. Toe Jesus op aarde was, het die Joodse volk geweet dat Jesus na hulle gestuur is, om hulle te verlos en hulle Koning te wees. Die ander nasies het nie deel gehad in die verlossing wat Jesus gebied het nie. In vandag se stukkie sien ons dat God aan Petrus nou verklaar dat enige iemand deur Hom aangeneem sal word. Hoe laat dit jou voel om te weet Jesus het ook aarde toe gekom sodat JY deel van Sy plan kan wees? ________________________________ Wat dink jy is God se plan met jou lewe? ______________________________________________________________

______________________________________________________________

6. Watter karaktereienskappe van Kornelius staan vir jou uit in die volgende verse:

*Vers 2* - ____________________________________

*Vers 25* - ____________________________________



7. Kornelius het hom lam geskrik toe 'n engel ewe skielik aan hom verskyn terwyl hy gesit en bid het (*vers 3*). Oor watter drie redes, vertel die engel, het God hom na Kornelius gestuur?



8. Hoe laat dit jou voel om te weet God luister na jou gebede en sien ook wat jy doen elke dag? __________________________________________________.

& Gees
Heuningsoet Woord
Psalm 19:10&11

# Deur: Carien Stander

www.thedesertcall.com

Hierdie Joernaal is gemaak om uit te deel! My begeerte is dat kinders lief raak vir die Woord van God en dat hulle deur leiding van Heilige Gees, die Stem van God sal leer herken soos wat hulle deur die Woord lees. Voel vry om hierdie joernaal aan te stuur of uit te druk vir iemand. Moet asseblief nie enige deel hiervan verkoop nie. Aangesien hierdie joernale verniet is, gaan dit nie deur uitgewers wat dit hersien nie. Wanneer jy op ‘n fout afkom, is jy welkom om my in te lig! Ek dateer gereeld die uitgawes op en sal gewoonlik die nuutste uitgawe uitstuur op versoek. Laai Kreatiewe Bybel Joernale vanuit ander Bybelboeke gratis af by die Afrikaanse opsie: www.thedesertcall.com